HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD
AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL 2
MEMORANDUM
GRAAD 11
NOVEMBER 2013
TOTAAL: 80

## AFDELING A

### VRAAG 1

Onbekende gedig: Geliefde Ander Helfte

1.1 Die versreëls se lengtes verskil; die sterretjies (asteriske) voor sommige versreëls; strofes bestaan uit verskillende aantal reëls. (Enige 2). (2)

1.2.1 Na die dood. (1)

1.2.2 Eufemisme. (1)

1.3 Beklemtoning voordat ongelukkighede plaasgevind het. (2)

1.4 In die hemel. (1)

1.5 "jou skewe vlerk" (1)

1.6 "smag" (1)

1.7 Alleenplasing en kursief gedruk. (1)

[10]

### VRAAG 2

Bekende gedig: Motordief

2.1 Ek-verteller. (1)

2.2 Eldorado is 'n woonbuurt in Johannesburg wat nie 'n gegoede woonbuurt is nie en misdaad is heel moontlik alledaags. (1)

2.3 Dit weerspieël iets van die misdadiger se agtergrond en menswees. (1)

2.4 Alleenplasing. (1)

2.5 Hy vra: "Wat wil jy saamneem?" Ek sê: "My spaarbussie."
- Alliterasie: herhaling van die s-klank (1)
- Assonansie: herhaling van die aa-klank (1)

2.6 Dit beklemtoon die erns van die misdadiger se dreigement en dat hy nie grappies maak nie. (1)

2.7 Ellips/beletselteken. Dit suggereer dat die misdadiger nie veel woorde meer hoef te gebruik om sy oorhand oor die motoreienaar te kry nie. (2)

2.8 abba: omarmde rym. (1)

[10]

VRAAG 3

Bekende gedig: branderplankryer en windswael.

3.1 Ja, dit verwys albei na dieselfde vrou wat in die rolstoel sit en na die branderplankryer kyk. (1)

3.2 Hy ry branderplank; "sag op sy plank kniel en die regte golf kies". (1)

3.3 Dit verwys na die deining van die branders / ook hoe die branderplankryer saam met die deining op sy branderplank beweeg. Ja, dit is funksioneel, want dit dui op die op-en-af beweging wat die seun saam met die branders maak. (2)

3.4.1 baie van iets hou

3.4.2 wen/oorwin (2)

3.5.1 'n Windswael. (1)

3.5.2 Ja, want as hy op die branderplank ry, lyk hy soos 'n voël as hy hom so met sy arms op sy branderplank balanseer. Windswael verteenwoordig totale vryheid wat die branderplankryer ook op sy plank ervaar. (2)

[10]

Totaal Afdeling A: [30]

AFDELING B

Drama: Tienertoneel

"Hoe's dit, my ou" – Kobus Strydom

VRAAG 4

4.1 Hartseer/tragies/verbittering. (1)

4.2 Nee, want sy't 'n ander Johnnie leer ken toe sy sy dagboek gelees het. Hy was inderwaarheid 'n vreemdeling vir haar. (2)

4.3 Nee, hy't soos vele ander leerders 'n toets gedruip en wou nie sy verantwoordelikheid hiervoor aanvaar nie. Toe hy hieroor gekonfronteer word, kom hy in opstand teen alle gesagsfigure. (2)

4.4 Sy pas was 'n alkoholis en Gerrie voel sy pa wil hom altyd hiet en gebied. (1)

4.5 Johnnie het al hoe sterker dwelms begin gebruik en dit het sy dood ("eindstrepie") verhaas. (2)

4.6 Kersvader gee geskenke gratis. Aanvanklik het Karel die dwelms gratis voorsien. (1)

4.7 Hy't begin hoes; sy oë was baie keer rooi; hy't vreeslik geïrriteerd geraak en sy skoolwerk het baie verswak. (Noem enige twee.) (1)

4.8 Hy was baie opgewonde en het met groot verwagting daarna uitgesien. (1)

4.9 Sy het gehallusineer. (1)

4.10 Hy is reeds té ver heen om om te draai en die gewone goed bevredig hom nie meer nie. (1)

4.11 Johnnie se skoolwerk het toenemend agteruit gegaan. (1)

4.12 Johnnie het gesê sy senuwees pla hom. (1)

4.13 Johnnie wil heroïen gebruik, want dan kan hy deel van die elite groep wees. (1)

4.14 Karel het gesien sy slagoffers is nie meer tevrede met die gewone dwelms nie. (1)

4.15 Verslaafdes maak nie ou bene nie – hulle gaan jonk dood. (1)

4.16 Hulle vlug vir die realiteit en gaan weg vir die naweek. (2)

4.17 Ja, dis vir haar erg om haar broer só te sien ly as gevolg van onttrekking-simptome. Sy was desperaat in haar optrede. OF Nee, sy moes vroeër meer bemoeienis met hom gemaak het, sy probleem geïdentifiseer het en hulp gaan soek het. (2)

4.18 Ja, deur volgehoue ouerbetrokkenheid, kon sy ouers sy probleem hanteer het voordat dit handuit begin ruk het. Hulle kon hom na rehabilitasie-sentrum toe stuur. (2)

4.19Dit beteken dat hy koue koors gekry het. (1)

[25]

OF

<u>VRAAG 5</u>

Langvraag

In die volgende langvraag word elke karakter as verteenwoordiger van 'n groep mense van ons samelewing bespreek.

"Makietie" verwys na 'n matriekfees/-partytjie en is dus iets wat alle matrikulante in hul lewe beleef veral as daar pryse op die spel is rakende hul voorkoms. Só is ons mensdom ook ingestel om oorboord te gaan ten einde die beste te wil wees en almal se oog wil vang.

Snobinia verteenwoordig dié groep mense in die samelewing wat nie die einde van hul skatte ken nie. Hulle is nooit tevrede met plaaslike verskaffers nie en ontsien geen moeite om net daardie ietsie ekstra te doen om beslis die oog te vang nie. Hul voorkoms is uiters belangrik en materiële dinge is die alfa en omega. 'n Mens kan sê: "hul is van 'n ander wêreld!"

Hoendrina kom van die plaas, maar sy verteenwoordig ook dié mense wat weet wat dit behels om te meet en te pas. Daarom is eersgenoemde bereid om haar suster se ou rokkie afskeid toe te dra wat sodoende die finansiële las vir haar ouers verlig. Diegene wat in dié kategorie val, weet dat geld nie onnodig verspul moet word op materiële dinge nie!

Middelklassina beeld die middelklas uit wat die indruk wil skep dat hulle ryk is en saam met die groot honde wil draf. Hulle wil graag saam met mense wat snobisties is, gesels, maar dit ontbreek aan materiële welvaart.

Commenia van Straat verteenwoordig dié groep van die samelewing wat ook heel dikwels op verdagte wyses hul brood en botter verdien. Drank speel 'n groot rol in hul lewe en geld word maklik op onnodighede verkwis. Hulle is ook altyd op die uitkyk vir 'n winskopie.

Praktiesia daarenteen verteenwoordig die groep mense wat weet wat dit beteken om jou rande te rek. Hulle kubbel ook gereeld oor die prys. Ten einde geld te spaar, sal hulle dikwels iets self maak en net te besef "goedkoop koop, is duur koop!".

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom, is dat ongeag watter tipe mens van die samelewing jy verteenwoordig, jy eintlik op jou allerbeste is deur net jou doodgewone self (soos Blommetjie Ordinêr) te wees. Jou persoonlikheid word nie bepaal deur jou uiterlike nie, maar deur jou innerlike ingesteldheid.

In bogenoemde langvraag is elke karakter as verteenwoordiger van die samelewing asook die gevolgtrekking waartoe mens kom, bespreek. **(25)**

**Totaal Afdeling B : 25**

<u>AFDELING C</u>

Roman

Fiela se kind – Dalene Matthee

<u>VRAAG 6</u>

6.1 Met Benjamin se vorige besoek aan Wolwekraal het hy teenoor Fiela beken dat hy op sy suster, Nina, verlief geraak het. Fiela se raad was dat Benjamin na die bosvrou, Barta, moes gaan en haar vra wie hy nou eintlik is, want bloed sou bloed gekeer het. Fiela neem aan dat Barta bevestig het dat hy wél Lukas is. **(3)**

6.2 Sy dra haar gesinslede se belange op die hart / Sy gee om. **(1)**

6.3.1 Dawid: Hy is dood nadat 'n knopiespinnekop hom gebyt het. (1)

6.3.2 Tollie: Hy is tronk toe as gevolg van messteek. (1)

6.4.1 Kittie: Sy het vir Benjamin oor klein Fielatjie se doen en late geskryf. (1)

6.4.2 Selling: Hy gee raad oor seeman-wees en hoe volstruise (moontlik?) op 'n skip vervoer kan word. (1)

6.5 Om te gaan lê, is een ding en om weer op te kom 'n ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly. (2)

6.6.1 Die feit dat Barta onder eed gelieg het dat Lukas hulle kind is. (1)

6.6.2 Sy was bereid om onder eed voor die magistraat te gaan bieg en met die waarheid vorendag sal kom. (1)

6.7 Hy't sommer die nag ingeloop en het woede, verwarring en haat terselfdertyd beleef. (2)

6.8.1 Hy't haar gevra of sy yl. (1)

6.8.2 Elias voel Barta kon maar gerus stilgebly het, want Lukas was darem die laaste klompie jare onder wit mense se dak. Gelukkig was Lukas 'n gesonde kind en nie vertraag nie. As dit rykmense se skandekind was, kon hy geld gemaak het, want om kind groot te maak kos geld. (4)

6.9.1 Vergelyking. Fiela het soveel krag uit haar woede geput dat sy bereid was om die magistraat aan te durf. (2)

6.9.2 Metafoor. Sy glo dat die magistraat oor die wysheid beskik om te sê wie se kind is Lukas. (2)

6.10 Beide mense sien in Nina en Benjamin onderskeidelik potensiaal raak. Elkeen "ontferm" hul op hul eie manier oor dié twee. (1)

6.11 Kaliel September (1)
[25]

OF

<u>VRAAG 7</u>

Langvraag

In die volgende opstel word die geografiese ruimtes wat funksioneel t.o.v. Benjamin/ Lukas se lewe en karakter inwerk, bespreek.

Benjamin beland as drie jarige kind op Wolwekraa l- Fiela se grond- in die Lange Kloof. Dis hier waar hy opgroei en die vreugde van kind wees ervaar. Hy vind by Fiela-hulle sekuriteit en geluk. Dis 'n belangrike fase in sy lewe, want hy ontvang 'n deeglike opvoeding. Fiela leer hom maniere en van die Here. Tollie en Dawid het hom in die middae geleer wat hulle in die skool geleer het. Miss Baby Steward het hom twee middae 'n week somme geleer. Hy het geweet hy is wit en sy ma-hulle bruin en dat hy sy ma-hulle se hanskind is.

As twaalfjarige kind word hy, sonder dat hy 'n keuse het, uit die vertroude ruimte van die Lange Kloof waarin hy groot geword het, geruk. Hiermee verloor hy die rustigheid, liefde en sekuriteit wat hy op Wolwekraal beleef het. Hy kan eers as 'n volwasse man na die ruimte terugkeer. Deur al die jare was die ruimte werklik sy enigste tuiste. Benjamin het vir Fiela gesê: "Die dag toe ek teruggekom het, toe ek daar onder in die pad staan, het ek geweet ek is weer by die huis". Benjamin verlaat die ruimte vir 'n tweede keer, maar die keer uit vrye wil. Hy wil by Barta gaan hoor wie hy werklik is en hy wil terugkeer see toe omdat Nina op wie hy verlief is daar woon. Aan die einde van die verhaal kom hy en Nina terug Lange Kloof toe, omdat sy toekoms daar lê.

Sonder dat Benjamin 'n keuse het, word sy tweede geografiese ruimte die Knysnabos. Hierdie ruimte verander sy totale lewe. Sy identiteit verander van Benjamin Komoetie na Lukas van Rooyen. Hy verloor nie net sy naam nie, maar ook al sy besittings. Sy klere word uitgedeel aan sy nuwe broers en suster. Hy hou nie van die Bos nie. Hy voel soos 'n gevangene in die Bos. Hy leer ook nou hoe wreed sy nuwe pa kan optree en hy loop gereeld deur onder die osriem. Hy word blootgestel aan uiterste armoede. Hy voel nie soos 'n Van Rooyen nie en lyk ook nie soos een van hulle nie. Hy sukkel ook om Barta as ma en Elias as pa aan te spreek. Hy verwys na hulle as "die man" en "die vrou". Die eerste keer toe hy terug is Bos toe en vir Barta wou vra of hy Lukas is, het dit vir hom "soos die laaste dien van tronkstraf gevoel."

Nadat hy 'n tweede keer met Barta gaan praat het en sy erken het hy is nie Lukas nie, woed daar 'n storm in die Bos. Die storm is ook figuurlik in Lukas se lewe teenwoordig. "Dit was of hy deur 'n stormsee van slingerende, krakende windverdraaide bome en bosse loop..." Lukas loop sonder 'n woord teenoor Barta of Elias uit hierdie ruimte. "Net die wind en die reën en die Bos se geraas was werklikheid." By Diepwalle het die wind afgeneem.Toe dit ligdag word, was die storm uitgewoed, maar nie die storm in hom nie. Sonop was hy by die lange se huis, maar kon niks sê nie. Daarna gaan hy see toe en kruip in een van die beengrotte totdat die son in gebak het en hy aan die slaap geraak het. Dit is sy keuse om die ruimte van die Bos af te sterf.

Die derde geografiese ruimte, die see, betree Lukas uit vrye keuse. Elias stuur hom na die dorp op Knysna om Nina te gaan haal. Waar die Bos begin yler raak, het baie mense in 'n sekere rigting beweeg. Hy vra waarheen almal gaan en toe hy hoor daar lê 'n spookskip by Noetzie, het hy gekies om te gaan kyk. Vir die eerste keer

het hy 'n vreemde gevoel van ligter wees in hom ervaar."Hy wou sit en die son sien opkom. Hy wou sit en die son weer sien ondergaan." Hierdie liefde vir die water en die see en skepe kom al van Wolwekraal se dae af toe hy as jong Benjamin Komoetie sy skuitjies in die fonteinsloot laat dryf het. "Altyd toe hy 'n kind was en sy plankskuite die fonteinsloot ingestuur het, het die vreemdste soort lekker deur sy lyf getrek." In 'n sin kon Lukas homself identifiseer met die gestrande skip by Noetzie. "Daar was iets aan daardie dooie skip wat sy hele wese aangeraak het. En die wese was 'n vreemdeling wat langs 'n vreemde baai staan waar hy nie hoort nie. Die skip was tussen die rotse vas waar hy nie hoort nie..." As hy 'n wens kon wens, sou hy wens dat die skip weer lewendig word. Hy het Nina gevra om terug te keer na die Bos om vir Elias-hulle te sê dat klaar is met die Bos. Dit het vir hom gevoel of hy 'n ou baadjie uittrek en neergooi. Van die oomblik dat hy met sy voete by Noetzie in die sand gestaan het, het iets in hom gebeur wat hy nie kon verklaar nie. "Dit was of hy net skielik met ander oë in sy kop staan, wat anders as sy ou oë na dinge kyk. " Hy het net geweet terug Bos toe gaan hy nie weer nie. Hier moet hy bly. Hy wou elke dag die see se andersheid beleef.

Na sy kennismaking met John Benn en dié se werk om skepe die hawe in te begelei, het hy al hoe meer geïnteresseerd begin raak in dié werk. Sy vriendskap met Kaliel het die begeerte om te leer roei, versterk totdat hy geleer is en geleentheid gekry het.

Dit is egter in dié ruimte wat hy die ergste innerlike konflik oor sy ware identiteit ervaar. Hy raak verlief op, Nina, sy suster. Hy weet hy is nie 'n Komoetie nie, want hulle is bruin en hy is wit. Hy voel ook nie soos 'n Van Rooyen nie, maar in die goewerment se wetboek staan sy naam opgeteken as Lukas van Rooyen. Dit is ook in die ruimte wat hy lang gesprekke met Kaliel September voer en telkemale verwys Kaliel na seemanne en kapteins wat vroue soek sodra hulle skepe vasmeer. Kaliel is self die kind van 'n wit man en 'n bruin vrou. Wanneer Barta uiteindelik erken sy het die verkeerde kind gevat as Lukas van Rooyen, kan Benjamin begin aanvaar dat die moontlikheid groot is dat sy pa ook 'n seeman is. Nou vind hy berusting en kan hy terugkeer na die Lange Kloof waar Wolwekraal vir hom en Nina lê en wag om saam 'n toekoms te begin.

In bogenoemde opstel is die geografiese ruimtes wat 'n bepaalde funksie op Lukas/ Benjamin se karakter het, bespreek.

(455 woorde)

**Totaal Afdeling C: (25)**

**GROOTTOTAAL: [80]**

**BYLAAG 2: RUBRIEK VIR HUISTAAL (Rubriek vir skryf)**

## Gr. 10: Rubriek vir die nasien van die letterkundige opstel: 25 punte

U aandag word gevestig op die verskillende wyses van puntetoekennings vir **INHOUD** teenoor **STRUKTUUR** en **TAAL**

| Kodes en punte | | **INHOUD (15)**<br>**Interpretasie van inhoud: Diepte van die argument, regverdiging en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL (10)**<br>**Struktuur, logiese verloop en aanbieding. Taal, toon en styl wat in opstel gebruik word.** |
|---|---|---|---|---|
| | **15 punte** | | **10** | |
| **Kode 7**<br>**80 – 100%** | **Uitmuntend**<br>12 – 15 punte | In-diepte vertolking van die inhoud, alle besonderhede van die onderwerp ten volle ondersoek/nagevors. Uitstekende antwoorde/respons. (90+ = uitmuntende antwoord). Rits uitstaande argumente wat talle kere uit die teks ondersteun word. | **Uitmuntend**<br>08 – 10 punte | Duidelike gestruktureerde werkstuk. Uitstekende inleiding en samevatting/slot. Deeglik gestruktureerde argumente en duidelike/helder ontwikkeling. Taal, toon en styl is volwasse, indrukwekkend en korrek. |
| **Kode 6**<br>**70 – 79%** | **Verdienstelik**<br>11 punte | Bo-gemiddelde vertolking van die onderwerp. Alle besonderhede/detail voldoende ondersoek/nagevors. Volledige antwoorde. Talle grondige/deeglike argumente word gegee wat goed uit die teks ondersteun word. Baie goeie begrip van die genre en teks. | **Verdienstelik**<br>07 punte | Goed gestruktureerde opstel. Goeie inleiding en samevatting/slot. Argumente en gedagtegang maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en geskik vir die doel. Goeie aanbieding. |
| **Kode 5**<br>**60 – 69%** | **Beduidend**<br>09 – 10 punte | Toon begrip en het 'n goeie vertolking van die onderwerp weergegee. Taamlik volledige antwoord m.b.t. die onderwerp. 'n Paar grondige argumente is gegee, maar nie almal van hierdie argumente is goed gemotiveer soos dit behoort te wees nie. | **Beduidend**<br>06 punte | Duidelike struktuur en logiese verloop van argument. Inleiding en samevatting/slot en ander paragrawe duidelik georganiseer. Verloop van argument kan gevolg word. Taal, toon en styl grotendeels korrek. |
| **Kode 4**<br>**50 – 59%** | **Voldoende**<br>08 punte | Redelike vertolking van die onderwerp, maar nie alle besonderhede ten volle/in detail ondersoek of nagevors nie. Sekere goeie punte om die onderwerp te ondersteun. Meeste argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. Basiese ondersteuning van genre en teks. | **Voldoende**<br>05 punte | 'n Paar struktuurbewyse. In die opstel ontbreek 'n goeie gestruktureerde verloop van logika en verband/samehang. Min taalfoute. Toon en styl meesal geskik. Paragrafering grootliks korrek. |
| **Kode 3**<br>**40 – 49%** | **Matig**<br>06 – 07 punte | Baie algemene, middelmatige poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte van begrip in antwoord/respons tot die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min regverdiging uit die teks. Leerders bemeester die genre/teks nie ten volle nie. | **Matig**<br>04 punte | Tekens van gebrekkig beplanning in die struktuur. Argument volg nie logies op mekaar nie. Gebrekkige paragrafering. Duidelike taalfoute. Toon en styl nie geskik vir die doel van 'n akademiese skryfstyl nie. |
| **Kode 2**<br>**30 – 39%** | **Basies**<br>05 punte | Gebrekkige begrip van die onderwerp. Herhalende antwoorde/respons en beweeg soms van die punt af. Geen diepte van die argument nie, gebrekkige vertolking / Argumente word nie uit die teks ondersteun nie. Uiters gebrekkige begrip van teks en genre. | **Basies**<br>03 punte | Swak/power aanbieding. Die gebrek aan 'n beplanningstruktuur belemmer die verloop van die argument. Taalfoute en 'n verkeerde styl maak die skryfstuk grootliks onsuksesvol. |
| **Kode 1**<br>**0 – 29%** | **Ontoereikend**<br>0 – 4 punte | Antwoord toon in 'n mate verband met die onderwerp maar moeilik om die argument te volg of argument is grotendeels nie van toepassing nie. Swak poging om die vraag te beantwoord. Die min punte wat betrekking het word nie uit die teks regverdig nie. Baie swak begrip van die teks en genre. | **Ontoereikend**<br>00 – 02 punte | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek is. Geen bewyse van struktuurbeplanning of logika nie. Geen paragrafering of verband/samehang nie. Swak/power taal. Verkeerde styl en toon. |